Tyd om vir ons mans te bid

Die Here is die afgelope drie jaar besig om iets baie spesiaals onder die mans in ons land te doen. Baie mans gee hulle lewens aan die Here oor en gaan terug na hulle huise om hulle priesterlike rolle op te neem. Dit is 'n uitdaging vir ons as vroue omdat sommige van ons nog nooit gesien het dat ons mans hulle goddelike posisie in ons huise opneem nie. Hoe weet ons of dit eg is? En hoe maak ons nou vir hulle ruimte en hoe bid ons vir hulle? Die volgende is 'n paar riglyne wat jou dalk kan help om te bid vir die mans van ons land en die man in jou lewe. (Kyk ook die artikel oor Mans wat bid).

- Bid vir mans wat hulle lewens aan die Here oorgegee het om vriende te vind en by gebedsgroepe vir mans aan te sluit wat hulle sal aanmoedig, mentor en onderrig om te groei as dissipels van Jesus.

- Bid vir elke man om weer sy eie vrou so lief te hê soos sy eie lewe en liggaam, om haar te voed en te koester soos Christus die Kerk liefhet en dat elke man homself vir sy vrou en kinders sal gee soos Jesus vir die Kerk gedoen het.

- Vra dat hulle die gesinsaltaar sal herstel, dat elke man sy vrou sal heilig en reinig met die was van water deur die Woord en haar sal aanmoedig om God se roeping op haar lewe te vind en te volg.

- Bid ook dat mans die wyse waarop hulle hulle geld en tyd spandeer sal heroorweeg, veral die wat getroud is, dat elkeen met sy vrou sal deel hoe hy hulle geld spandeer en dat hulle saam vir hulle maandelikse uitgawes sal begroot (**Ef.5:26-30**).

- Bid dat die Here mans sal help om hulle los te maak van familie-kwessies en met hulle vrouens en kinders verenig te word soos die Here dit beplan het (**Ef.5:31**).

- Bid dat mans hulle vrouens sal liefhê en nie verbitterd teenoor hulle sal wees oor enigiets nie, dat hulle in staat sal wees om die oortredings van hulle vrouens te vergewe en met 'n nederige hart hulle eie verkeerde dade sal regmaak (**Ef.5:33**).

- Bid dat vaders nie hulle kinders sal terg en die lewe vir hulle onaangenaam sal maak nie, negatief sal wees en altyd hulle kinders kritiseer nie, maar hulle op 'n godvresende manier sal dissiplineer, sal aanmoedig om hulle God-gegewe identiteit, gawes en talente uit te leef (**Kol.3:20-21**).

- Bid dat mans hulle priesterlike rol sal vervul en 'n voorbeeld vir hulle kinders sal wees in die wyse waarop hulle hulle vrouens hanteer as die swakker geslag sodat hulle kan bid sonder dat iets hulle hinder (**1 Pet.3:7-8**).

- Bid vir mans om die gesindheid van Christus te hê, om medelye vir mekaar te hê, om mekaar lief te hê soos broers, om goedhartig en nederig te wees, om nie kwaad met kwaad te vergeld nie, maar om eerder 'n seën vir ander te wees (**1 Pet.3:8-9**).

- Vra dat mans die lewe op die Here se manier sal liefhê, hulle tonge sal weerhou van vuil praatjies, kwaadpraat en leuens, dat hulle weg sal bly van dinge soos omkoopgeskenke aanneem ter wille van 'goeie' saketransaksies en dat hulle nooit betrokke sal wees by enige twyfelagtige of onregverdige saketransaksies nie (**1 Pet.3:10-11**).

Dank die Here dat Hy die harte en lewens van so baie mans in ons land aanraak. Dank Hom vir die antwoorde op gebede van baie ouers, vrouens en kinders oor die jare.